



KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N ALGEMENE RAADSVERGADERING IN DIE MUNISIPALE
RAADSAAL, BREDASDORP GEHOU OM 10:00 OP DONDERDAG
27 JULIE 2023**

**MINUTES OF A GENERAL COUNCIL MEETING HELD ON THURSDAY,
27 JULY 2023 AT 10:00 AT THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS,
BREDASDORP**

TEENWOORDIG / PRESENT

RAADSLEDE / COUNCILLORS

Me	J August-Martinus	
Mnr	D Burger	(Speaker)
Me	K Donald	
Dr	A Eksteen	
Mnr	D Jantjies	
Mnr	R Louw	
Mnr	R Mokotwana	
Mnr	R Ross	(Onder-Burgemeester)
Mnr	P Swart	(Burgemeester)

AMPTENARE / OFFICIALS

Mnr	E Phillips	Munisipale Bestuurder / Municipal Manager
Mnr	H Van Biljon	Direkteur: Finansiële Dienste
Mnr	H Kröhn	Direkteur: Infrastruktuurdienste
Me	M Boyce	Direkteur: Bestuursdienste
Mnr	M Moelich	Bestuurder: Admin Ondersteuning
Mnr	Z Baca	Internal Audit
Mnr	O January	Bestuurder: Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Me	T Stone	Afdelingshoof: Strategiese Dienste
Me	S Nel	Stadsbeplanner

INHOUDSOPGAWE / TABLE OF CONTENT

	ITEM	Bladsy / Page	
		Agenda	Bylaes
1.	Opening	4	
2.	Aansoeke om Verlof tot Afwesigheid	4	
3.	Onderhoude met Afgevaardigdes en/of ander besoeke	4	
4.	<u>Notules van Vorige Vergaderings voorgelê vir Bekragtiging</u>		
4.1	Notule van Algemene Raadsvergadering gehou op: 31 Mei 2023	4	Bylaag 1
4.2	Notule van Spesiale Raadsvergadering gehou op: 30 Junie 2023		
5.	<u>Notules van UBK Vergaderings vir Kennisname</u>		
5.1	Notule van UBK vergadering gehou op: 23 Mei 2023	4	Bylaag 1
6.	Sake voortspuitend uit Notule	4	
7.	<u>Verklarings en/of Mededelings deur die Voorsitter</u>		
7.1	Briewe van Dank	5	
7.2	Funksies vir die maand	5	
7.3	Aanwys van Afgevaardigdes	5	
7.4	Dringende sake deur die Speaker voorgelê		
8.	Terugvoering vanaf Raadslede oor Vergaderings Bygewoon	5	
9.	Verklarings en/of Mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester	5	
10.	<u>ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING</u>		
10.1	Time Schedule: 2024/25, 2025/26 and 2026/27 Budget and 2024/25 IDP	5 - 7	1 - 11
10.2	Strategic Risk Register: 2023/24 (<i>all directorates</i>)	7 - 11	-
10.3	Joint operation on illegal immigrants: 9 May 2023 (Struisbaai)	11 - 12	-
10.4	Vervreemding (huur): Ged erf 857 en 852, Struisbaai (Jukskei-Klub)	13 - 14	12 - 17
10.5	Vervreemding (huur): Ged erf 5585, Bdorp (Rossouw en Kingdom Revival)	14 - 16	-
10.6	Vervreemding (huur): Ged erf 809, Bredasdorp (L Witbooi)	16 - 18	18 - 19
10.7	Vervreemding (huur): Ged erf 270, Bredasdorp (T October)	18 - 19	20 - 25
10.8	Huurooreenkoms: Mobile Telephone Networks (Pty) Ltd	20	26 - 38
10.9	Formalisering: Bestaande padreserwe erwe 1148 en 3474, Bredasdorp	21 - 22	39 - 42
10.10	Oorweging regstellingskoste: Ged erf 374, WHK (Pinkster Kerk)	22 - 24	43 - 47
10.11	Naamsverandering: Kerkstraat na Wilma Stockenströmstraat, Napier	24 - 26	-
10.12	Amendment of Membership: Municipal Planning Tribunal	26 - 28	-
10.13	Annual SCM Implementation and Oversight Report: 30 June 2023	28	<i>Separate</i>

INHOUDSOPGAWE / TABLE OF CONTENT			
	ITEM	Bladsy / Page	
10.14	Quarterly SCM Implementation and Oversight Report: 30 June 2023	28 - 29	<i>Separte</i>
10.15	Yearly Asset Count: Write-Off of Redundant Assets	29	48 - 61
10.16	Pensioenaris korting op eiendomsbelasting: 2022/23	30	-
10.17	OPCAR: Monthly progress report: 30 June 2023	30 - 31	62 - 67
10.18	Amendment: Existing agreement with Nashua Breede Valley	31 - 32	-
10.19	MFMA Quarterly Section 52(D) Report: 4 th Quarter ending 30 June 2023	32 - 33	68
11.	Dringende Sake deur die Munisipale Bestuurder	33	-
12.	Oorweging van Kennisgewing van Mosies	33	-
13.	Oorweging van Kennisgewing van Vrae	33	-
14.	Verslag deur Munisipale Bestuurder oor die uitvoering van Raadsbesluite	34	-
15.	In-Komitee Verslae	34	-
16.	Sluiting	34	-

1. **OPENING**

Die Speaker heet die teenwoordiges welkom, met 'n spesiale woord van welkom aan me Marlene Boyce, die nuwe Direkteur van Bestuursdienste.

Hierna open Raadslid Eksteen die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE**

Raadslid Matthysen
Raadsheer Nieuwoudt

3. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Geen.

4. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTING**

4.1 **NOTULE VAN ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

31 Mei 2023 *(Notule was onder lede versprei)*

BESLUIT 136/2023

Die Notule word as korrek en volledig bekragtig.
(Voorsteller: Rdl Donald / Sekondant: Rdl Eksteen)

4.2 **NOTULE VAN SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

30 Junie 2023 *(Notule was onder lede versprei)*

BESLUIT 137/2023

Die Notule word as korrek en volledig bekragtig.
(Voorsteller: Rdl Eksteen / Sekondant: Rdl Donald)

5. **NOTULES VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERINGS OOR BESLUIE DEUR HOM GENEEM SAAM MET DIE BURGEMEESTERSKOMITEE**

5.1 **NOTULE VAN UBK VERGADERING GEHOU OP:**

23 Mei 2023 *(Notule was onder lede versprei)*

BESLUIT 138/2023

Die Raad neem kennis van bogenoemde UBK Notule.
(Voorsteller: Rdl Ross / Sekondant: Rdl Eksteen)

6. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES**

Geen.

7. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

7.1 **BRIEWE VAN DANK**

Geen.

7.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND**

Geen.

7.3 **AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES**

Geen.

7.4 **DRINGENDE SAKE DEUR DIE SPEAKER VOORGELê**

Geen.

8. **TERUGVOERING VANAF RAADSLEDE OOR VERGADERINGS BYGEWOON**

Die Burgemeester meld van 'n SALGA "Provincial Members Assembly" vergadering wat hy verlede week in Hermanus bygewoon het. Sodra alle voorleggings ontvang is, sal dit na alle Raadslede versprei word.

9. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

- (i) Die Burgemeester heet die nuwe Direkteur, me Marlene Boyce welkom.
- (ii) Die Burgemeester se gebede gaan uit, namens die Raad, aan mnr Steve Cooper wat tans afsiek is.
- (iii) Hy bedank mnr Shane Roach, wat die Raad se diens verlaat, vir sy uitstaande werk en wens hom alle seën toe in sy nuwe posisie.
- (iv) Die Burgemeester bedank Raadslede en amptenare vir die suksesvolle dienslewering-imbizo wat gister in Napier gehou was. Hy spreek 'n spesiale woord van dank uit teenoor mnr Paul Valentine en Sikhulule Ngxowa vir al die reëlings. Hy meld dat daar beplan word om elke kwartaal in 'n ander dorp in Kaap Agulhas 'n dienslewering-imbizo te hou.
- (v) Hy bedank personeel, en spesifiek me Tracey Stone en haar span vir die suksesvolle funksie vir die "State of the Municipality Address (SOMA)" wat gisteraand plaasgevind het. Hy meld dat 'n volledige kosteverslag aan die Raad voorgelê sal word.

10. **ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING / ITEMS REFERRED TO COUNCIL FOR CONSIDERATION**

10.1 **TIME SCHEDULE FOR THE 2024/25, 2025/26 AND 2026/27 BUDGET AND 2024/25 INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP) AMENDMENT**

REPORT FROM THE OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER: STRATEGIC PLANNING AND ADMINISTRATIVE DIVISION

PURPOSE OF REPORT

To present a time schedule, attached on **page 1 to 11** to Council in terms of section 21(1)(b) of the MFMA. A time schedule which outlines the key deadlines for the preparation, tabling and approval of the annual budget as well as any amendments to the IDP, must be adopted by **31 August 2023**.

LEGISLATION

MFMA: Section 21 of the Municipal Finance Management Act, (MFMA) regulates the adoption of a Time Schedule and provides that "the mayor of a municipality must:

- a) *co-ordinate the processes for preparing the annual budget and for reviewing the municipality's integrated development plan and budget-related policies to ensure that the tabled budget and any revisions of the integrated development plan and budget-related policies are mutually consistent and credible;*
- b) *at least 10 months before the start of the budget year, table in the municipal council a **time schedule** outlining key deadlines for:*
 - (i) the preparation, tabling and approval of the annual budget;*
 - (ii) the annual review of:*
 - (aa) the integrated development plan in terms of section 34 of the Municipal Systems Act; and*
 - (bb) the budget-related policies;*
 - (iii) the tabling and adoption of any amendments to the integrated development plan and the budget-related policies; and*
 - (iv) any consultative processes forming part of the processes referred to in subparagraphs (i), (ii) and (iii)."*

Section 53(1)(b) provides that -

"The mayor of a municipality must co-ordinate the annual revision of the integrated development plan in terms of section 34 of the Municipal Systems Act and the preparation of the annual budget and determine how the integrated development plan is to be taken into account or revised for the purposes of the budget."

MUNICIPAL SYSTEMS ACT

The Municipal Systems Act (MSA) prescribes as follows in respect of the IDP Process:

Section 25 of the MSA

In terms of Section 25(1) of the Municipal Systems Act 32 of 2000 (MSA) each municipal council must, within a prescribed period after the start of its elected term, adopt a single, inclusive and strategic plan for the development of the municipality (Integrated Development Plan).

Section 28 of the MSA

- (1) Each municipal council, within a prescribed period after the start of its elected term, must adopt a process set out in writing to guide the planning, drafting, adoption and review of its integrated development plan.*
- (2) The municipality must through appropriate mechanisms, processes and procedures established in terms of Chapter 4, consult the local community before adopting the process.*
- (3) A municipality must give notice to the local community of particulars of the process it intends to follow.*

Section 34 of the MSA

A municipal council -

- (a) must review its integrated development plan -*
 - (i) annually in accordance with an assessment of its performance measurements in terms of section 41; and*
 - (ii) to the extent that changing circumstances so demand; and*
- (b) may amend its integrated development plan in accordance with a prescribed process.*

DISCUSSION

The Municipality's SDF is under review which will necessitate an amendment to the IDP as it is a core component.

FINANCIAL IMPLICATIONS

The Budget is based on the IDP and the credibility of the IDP informs the budget.

PERSONNEL IMPLICATIONS

None.

COMMENTS BY THE DIRECTOR FINANCE AND IT

The Director: Finance and IT and BTO Office were consulted during the compilation of this time schedule and their input was incorporated.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

- (i) That the time schedule of key deadlines for the 2024/25, 2025/26 and 2026/27 Budget and 2024/25 Integrated Development Plan (IDP) amendment be approved in terms of Sections 21(1)(b) and 53(1)(b) of the Municipal Finance Management Act (Act 56 of 2003).
- (ii) That the time schedule of key deadlines be made public in terms of Section 21 of the Local Government Municipal Systems Act (Act 32 of 2000).

RESOLUTION 139/2023

- (i) That the time schedule of key deadlines for the 2024/25, 2025/26 and 2026/27 Budget and 2024/25 Integrated Development Plan (IDP) amendment be approved in terms of Sections 21(1)(b) and 53(1)(b) of the Municipal Finance Management Act (Act 56 of 2003).
- (ii) That the time schedule of key deadlines be made public in terms of Section 21 of the Local Government Municipal Systems Act (Act 32 of 2000).

(Proposer: Clr Donald / Seconder: Clr Eksteen)

10.2 **STRATEGIC RISK REGISTER: 2023/24 (ALL DIRECTORATES)**

REPORT BY THE DIVISION HEAD: STRATEGIC PLANNING AND ADMINISTRATION

PURPOSE OF REPORT

During February 2023, risk identification and action formulation sessions were facilitated with the departmental and line managers. The Risk registers were then submitted to FARMCO in April 2023, which included the proposed strategic risks of the municipality for 2023/2024. The directorate risk registers were presented to the Municipal Manager and Directors for approval in June 2023. All Strategic risks and actions were closed off for 2022/2023 at the end of May 2023, but most risks and actions were carried over to the following financial year with some additional risks and risk actions.

There are a total of 19 Risks that were addressed since 2019 - 2020

Total Risk for 2023-2024: 56
Total Strategic risks: 8
Total Operational risks 48

Top 5 Operational Risks:

1. (Ageing) Infrastructure - Computers and Laptop devices.
2. Non safe working environment (non-adherence to OHS recommendations).
3. Ineffective land use management - Current and approved.
4. Lack of safe work procedures.
5. Effective safeguarding of municipal ICT infrastructure and systems.

New Risks:

1. Impact of Power Outages / Loadshedding on municipality.
2. Misalignment between IDP and Budget.

LEGAL FRAMEWORK

Section 62(1) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) stipulates that the “Accounting Officer must take all reasonable steps to ensure that the municipality has and maintains an effective, efficient and transparent system of financial and risk management and internal control.”

DISCUSSION

The Council’s strategic risks for 2023/24 are as follows:

RISK ITEM	RISK DESCRIPTION	RESIDUAL RISK EXPOSURE	RESIDUAL RISK
R662 New risk	Impact of Power Outages / Loadshedding on municipality	67.5	High
R663	Non- adherence to Restrictive Permit Conditions (Landfill and drop off Sites)	48	High
R664	Financial viability of the municipality	47.25	High
R665	Protest action / Civil unrest	47.27	High
R666	Illegal Erection of Informal Structures and Land invasions	40.5	High
R667	Failure to provide/render effective disaster management function	26.25	Medium
R668	Inadequate Provision of water supply - source and water quality	26.25	Medium
R669	Xenophobia attacks within Cape Agulhas	14.4	Low

The risks as well as actions to address the risks are captured on the Risk Assist Module of the Ignite System. Some risks have multiple actions.

Each action is assigned a risk owner, who is responsible for updating the system. Strategic risks are generally updated monthly. The update must include a percentage progress and a response.

The following tables show each strategic risk with its actions, deliverables, and deadlines:

Directorate	Risk	Risk Action	Deliverable	Deadline
Infrastructure	Non- adherence to Restrictive Permit Conditions (Landfill Sites)	1. Develop a new drop off site at Bredasdorp landfill - Phase 1 2. Medium security fencing 3. Stabilization of slopes 4. Establishment of Regional landfill steering committee	Improved Basic Service Delivery (Waste Management)	31 May 2024
Infrastructure	Power Outages / Loadshedding	1. Submit business plans to Western Cape Government for solar PV installation at Bredasdorp Waste water treatment works. 2. Submit business plans to Department of Energy and Mineral Resources 3. PPP application 4. Retrofit program on all old motor control centres 5. Increased capacity - two-way radios - Willem 6. Financial monitoring/ forecasting on electricity	To put measures in place to address the energy shortfall and to continue effective and efficient service delivery	31 May 2024

Directorate	Risk	Risk Action	Deliverable	Deadline
Finance	Financial viability of the municipality	1.(a) Execution of the revenue enhancement framework (execution of targets within planned periods) 1.2 (b) Cleansing and updating of indigents 1.3 (c) Cleansing and updating of informal settlements 2. Annual Report to finance portfolio committee/council of long-term financial plan and revenue enhancement framework.	Financially Viable	31 May 2024
Management Services	Protest action / Civil unrest	1. Traffic and Law Enforcement Units to respond to protest actions and civil unrest. 2. Collaboration with the SAPS to plan for and deal with protests and riots 3. Implement Law enforcement strategy 4. Implement safety plan	Continuous awareness, integration between CAM, ODM, other municipalities (if needed), military backup (if needed), and SAPS to act within an acceptable response time.	31 May 2024
Management Services	Illegal Erection of Informal Structures and Land invasions	1. Integrated meeting with regards to displacement of foreign nationals with all stakeholders which includes, law enforcement, SAPS, Home Affairs, Department of Labor, Department of Justice, human rights commission and the NPA 2. Propose to council to give budget and resources to the human settlement function to mitigate risk. 3. Implementation of Land invasion Policy.	Decrease in illegal land invasions	31 May 2024
Infrastructure	Inadequate Provision of water supply - source and water quality	1. Verification and licensing of all ground water sources and drafting of a ground-water management plan 2. Budget for new water pipe replacement 3. Source funding - Drafting Business plan for Struisbaai water	To ensure water demand is met	31 May 2024
Management Services	Failure to provide/render effective disaster management function	1. Council to consider appointing a skilled disaster management official. 2. Strengthen intergovernmental relations with all stakeholders with regards to disaster management.	Functional disaster management unit	31 May 2024
Management Services	Xenophobia attacks within Cape Agulhas	1. Resolve planning to conduct an integrated approach in all informal areas to give effect to the memorandum received by the community with regards to the issue of undocumented foreign nationals. 2. Regular monitoring and communication with informal settlement committees with regards to allocation with plots within the informal.	Mitigation of risk of xenophobia	31 May 2024

Directorate	Risk	Risk Action	Deliverable	Deadline
		3. Getting the buy in to safeguard and reporting possible illegal shacks and land grabs. Settlements 4. Agreement with other law enforcement agencies eg. Red ants to unlock their capacity only when a possible incident occurs.		

Risk assessments are conducted per department. The Director and all the line managers within the department forms part of the assessment to give the risk identification process comprehensive coverage. The risk assessment is that of a structured and facilitated brainstorming /interactive interview session. All identified risks are not considered risks but either management issues or red flags.

Red flags are tabled to the Municipal Manager and Directors and tabled to the Fraud and Risk Management Committee for consideration as Incident risks and in most cases Emerging risks. These red flags can become a risk, can be a cause of a risk or a consequence of a risk. The following list of red flags were identified during the 2023-2024 risk assessments that will be dealt with on a management level:

- Contract management - All Departments
- Lack of planning
- Management of people/duties
- Institutional Culture
- No consequence management
- General moral of managers
- Lack of institutional direction – Common strategic goal
- Political instability – Interference with administration by councilors
- Interference by unions
- Traffic Fines – Revenue loss
- Access control – all buildings
- Growing population – strain on service delivery
- Human Resource Capacity

MANAGEMENT RECOMMENDATION

- (i) That the 2023/2024 strategic risks be approved.
- (ii) That the red flags be noted that will be dealt with by management.
- (iii) That quarterly reports be submitted to the relevant Portfolio Committees on progress with implementation of the actions.

RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE, MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE AND FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE

That the management recommendation be accepted.

RECOMMENDATION: MAYCO (17 JULY 2023)

- (i) That the 2023/2024 strategic risks be approved.
- (ii) That the red flags be noted that will be dealt with by management.
- (iii) That quarterly reports be submitted to the relevant Portfolio Committees on progress with implementation of the actions.
- (iv) That a comprehensive report be submitted to the Mayco, before the end of November 2023 to highlight the improvement of risks.

RESOLUTION 140/2023

- (i) That the 2023/2024 strategic risks be approved.
- (ii) That the red flags be noted that will be dealt with by management, which includes cable theft.
- (iii) That quarterly reports be submitted to the relevant Portfolio Committees on progress with implementation of the actions.
- (iv) That a comprehensive report be submitted to the Mayco, before the end of November 2023 to highlight the improvement of risks.

(Unanimously Resolved)

10.3 **JOINT OPERATION ON ILLEGAL IMMIGRANTS: 9 MAY 2023 (STRUISBAAI)**

REPORT BY THE MANAGER: PROTECTION SERVICES

PURPOSE OF REPORT

To inform the Council on the outcome of a joint operation with regards to the illegal immigrants operation that took place at Struisbaai-North. The focus was to inspect the documentation of the non-nationals staying in the Struisbaai area.

BACKGROUND

The municipality received complaints from the local community of illegal immigration numbers that increased in the Struisbaai area.

This causes overcrowding in the informal area, congestion in household, shops and streets of Struisbaai-North. The impact of the influx of immigrants causes also extra pressure on the public and municipal services, insufficient employment opportunities, increase in crime activities and the threat of Xenophobia attacks. Furthermore, illegal immigration causes stress on the provision of housing and social tension. The Councillors and housing department are struggling to manage the informal settlement areas due to the current situation, complaints and unhappy community members that are stuck in these circumstances.

In the event of the reported problems and the situation in Struisbaai-North a decision was made to have this operation, which was planned after instruction and permission was received from the CAM Municipal Manager.

The operation was planned with different stakeholders which include:

SAPS	:	8 members provided
Department of Home Affairs Immigration Unit	:	2 members provided
Department of Sea Fisheries	:	16 members provided
Department of Housing	:	2 members provided
Building Control Department	:	2 members provided
Local Traffic	:	4 members provided
Law Enforcement	:	9 members provided

TOTAL 43 warm bodies

Modes Operandi

SAPS took the leading role during this operation. All stakeholders assisted Home Affairs officials while visiting possible premises and asked persons to identify themselves as South African Citizens or Foreign Nationals and inspected the documents for validity. High visible patrols in and around the Informal Settlement were conducted.

A total of 21 persons were arrested of which 7 were women and 14 were men. The 7 women were later released on warning and asked to leave the country within 14 days. They were released on warning due to the fact that they have children. The 14 men were kept in custody until the next day when they appeared in court. According to Captain Swart this 14 men and the 7 women were deported by a bus that was provided by Home Affairs.

We are of the opinion that we have met our goal. It might just be to a certain extent, but the operation was a success.

Challenges experienced

- The insufficient jurisdictional service: They could only accommodate 17 cases for this operation.
- Lack of Holding facilities for detainees by SAPS.
- The incapacity of the Home Affairs Department: They could only provide two officials and they could only accommodate us during normal office hours and during the week.
- Lack of resources by Home Affairs to deport large volumes of foreigners.
- This operation could be more successful / effective if conducted over a weekend like Saturday or Sunday or over two consecutive days.
- Home Affairs can't accommodate us with more than one operation at a time due to the large area that they must cover in our region.
- The incapacity of the Correctional Services Department to accommodate more detainees.

LEGAL IMPLICATIONS

All role players act within their scope and adhere to all protocols and applicable acts and procedures during this whole operation.

FINANCIAL IMPLICATIONS

Due to the fact that this operation took place during normal office hours there were no extra financial implications other than the normal working hours.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

- (i) That Council takes note of the joint operation that took place on 9 May 2023 in Struisbaai area as per the report presented by the Manager: Protection Services.
- (ii) That follow-up operations will be planned in other areas of Cape Agulhas Municipality.

RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE

That the management recommendation be accepted.

RECOMMENDATION: MAYCO (17 JULY 2023)

- (i) The Mayco takes note of the joint operation that took place on 9 May 2023 in Struisbaai area as per the report presented by the Manager: Protection Services and that follow-up operations will be planned in other areas of Cape Agulhas Municipality.
- (ii) That the Municipal Manager arranges a public meeting to inform residents of the risks associated with leasing alternative structures to backyard dwellers.

RESOLUTION 141/2023

- (i) That Council takes note of the joint operation that took place on 9 May 2023 in Struisbaai area as per the report presented by the Manager: Protection Services.
- (ii) That follow-up operations will be planned in other areas of Cape Agulhas Municipality.
- (iii) That the Municipal Manager arranges a public meeting to inform CAM residents of the risks associated with leasing alternative structures to backyard dwellers.

(Unanimously Resolved)

10.4 **VERVREEMDING (HUUR): GEDEELTES ERF 857 EN 852, STRUISBAAI (JUKSKEI-KLUB)**

DOEL VAN VERSLAG

Dat oorweging geskenk word aan die versoek van Struisbaai Jukskei-klub ten einde gedeeltes van erf 857 en 852, Struisbaai te huur vir die oprigting van 'n Jukskeibaan (liggingsplan aangeheg op **bladsy 12**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 857 en 852, Struisbaai
Huidige Sonering	:	Onbepaald

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 13 tot 17** is van Struisbaai Jukskei-klub ontvang om 'n gedeelte van erf 857 en 852, Struisbaai by die Raad te huur.

MARKWAARDASIE

R

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

ELEKTRISITEITSDIENSTE

No impact.

ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Aansoek word ondersteun. Ek wil net voorstel dat die ligging op die erf eers gefinaliseer word, want aangesien die kaart, soos dit nou voorgelê is, tot versnippering kan aanleiding gee en versoek dat die afgemerkte grond, in die hoek (na die suid-oostekant) verskuif word. Dit sal toekomstige gebruik van die oorblywende gedeeltes, meer optimaliseer.

STRATE EN STORMWATER

Strate- en stormwaterinfrastruktuur word nie beïnvloed nie.

STADSBEPANNING

Die beoogde ligging val in ons "ekonomiese node" (vir toekomstige kommersiële-/besigheidsaktiwiteite) soos peer SDF. Dit is grond met hoë ekonomiese waarde. Die bestaande tennisebane/visvang-klub is "non-comforming use" op onbepaalde gesoneerde grond. Daar is tans 'n jukskei-klub in Agulhas (die klub kan die hele wyk 5 bedien). Geen ander wyk in ons munisipale gebied het jukskei bane nie. Dalk kan 'n ligging in een van die ander wyke (Napier, Bredasdorp, Waenhuiskrans) eerder ondersteun word.

BOUBEHEER

Geen beswaar - Geen negatiewe impak itv geraasbesoedeling.

KOMMENTAAR - WYK 5: 16 MAART 2023

Aansoek: Struisbaai Jukskei Klub - Sonja Alexander aanbieding.

Voorlegging gemaak vir 'n Jukskei Klub by die Tennisbane.

AKSIE: Dat die Komitee ondersteun dit en sy kan voortgaan met die registrasie by die Sportafdeling van KAM.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat 'n gedeelte van erf 587 en 852 aan Struisbaai Jukskeiklub verhuur word vir R500 per jaar vir die termyn van 9 jaar en 11 maande, met 'n eskalاسie van 5% per jaar.
- (ii) Dat geen permanente strukture op die verhuurder se grond opgerig word sonder die verhuurder se vooraf goedkeuring nie.
- (iii) Dat die liggingsarea met die aansoeker gefinaliseer word.
- (iv) Die klub se grond aan die KA Sportforum voorgelê word.
- (v) Dat 'n huurooreenkoms deur eiendomsadministrasie opgestel word.
- (vi) Dat alle instandhouding vir die huurder se rekening sal wees.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat 'n alternatiewe perseel vir verhuring aan Struisbaai Jukskeiklub voorgestel/oorweeg word teen 'n korter termyn.

AANBEVELING: UBK (17 JULIE 2023)

Dat Stadsbeplanning 'n alternatiewe perseel vir verhuring aan Struisbaai Jukskeiklub ondersoek.

BESLUIT 142/2023

Dat Stadsbeplanning 'n alternatiewe perseel vir verhuring aan Struisbaai Jukskeiklub ondersoek en aan die Raad voorlê tydens die volgende Raadsvergadering.

10.5 **VERVREEMDING (HUUR): GEDEELTE ERF 5585, BREDASDORP (P ROSSOUW EN KINGDOM REVIVAL COMMUNITY MINISTRIES)**

DOEL VAN VERSLAG

Dat oorweging geskenk word aan die versoeke van mnr P Rossouw en Kingdom Revival Community Ministries ten einde 'n gedeelte van erf 5585, Bredasdorp te huur.

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 5585, Bredasdorp
Ligging	:	H/V Bastiaan- en Randstraat
Erf Grootte	:	2224m ²

AGTERGROND

Skriftelike versoeke, is van mnr P Rossouw en Kingdom Revival Community Ministries ontvang om 'n gedeelte van erf 5585, Bredasdorp by die Raad te huur.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE (3 SEPTEMBER 2022) (P ROSSOUW)

Objections: None
Decision: Support

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE (19 OKTOBER 2022)

- Mr. Patrick Rossouw applied for the erf to implement a car wash business. The ward committee supported the initiative when it appeared before the committee in September.
- A separate application was submitted by Kingdom revival community ministries for Erf No 5585 for temporary parking on Sundays.
- A recommendation was made to speak to both applicants to accommodate each other.
- The cars could also be potential.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT-DIENSTE KOMITEE

That the matter be referred back for further investigation by property management, and a meeting with the two applicants and Ward Councillor to investigate the possibility of using the plot together as one business.

UBK BESLUIT BK106/2022: 7 DESEMBER 2022

- (i) Dat die aanbeveling van Finansies- en IT Dienste Komitee aanvaar word.
- (ii) Dat die aansluitingskoste vir munisipale dienste deur die aansoeker betaal sal word.
- (iii) Dat alle wetlike prosesse gevolg word.

KOMMENTAAR: P ROSSOUW EN KINGDOM REVIVAL COMMUNITY MINISTRIES

Ons kom ooreen dat daar nie 'n probleem is dat die gedeeltes van erf 5585, Bredasdorp deur beide gehuur word nie. Mnr P Rossouw se karwas besigheid het geen invloed op die tydelike parkering nie.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat erf 5585, Bredasdorp aan mnr P Rossouw en Kingdom Revival Community Ministries verhuur word vir 3 jaar beginnende 1 Augustus 2023 - 31 Julie 2026.
- (ii) Dat die huur R500,00 per maand sal wees (gesamentlike betaling deur albei huurders).
- (iii) Dat die dienste aansluiting deur die aansoekers betaalbaar sal wees.
- (iv) Dat alle wetlike prosesse gevolg word.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) Dat die bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat aparte huurkontrakte opgestel word met mnr Rossouw en Kingdom Revival Community Ministries.

AANBEVELING: UBK (17 JULIE 2023)

Die UBK ondersteun die bestuursaanbeveling en dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

BESLUIT 143/2023

- (i) Dat erf 5585, Bredasdorp aan mnr P Rossouw en Kingdom Revival Community Ministries verhuur word vir 3 jaar beginnende 1 Augustus 2023 - 31 Julie 2026.
- (ii) Dat die huur R500,00 per maand sal wees (gesamentlike betaling deur albei huurders).
- (iii) Dat die dienste aansluiting deur die aansoekers betaalbaar sal wees.
- (iv) Dat alle wetlike prosesse gevolg word.
- (v) Dat aparte huurkontrakte opgestel word met mnr Rossouw en Kingdom Revival Community Ministries.

(Voorsteller: Rdl Louw / Sekondant: Rdl August-Martinus)

10.6 **VERVREEMDING (HUUR) VAN GEDEELTE ERF 809, BREDASDORP (L WITBOOI)**

DOEL VAN VERSLAG

Dat oorweging geskenk word aan die versoek van mnr Louie Witbooi ten einde 'n gedeelte van erf 809, Bredasdorp by die Raad te huur ten einde vir 'n karwas besigheid aan te wend (liggingsplan aangeheg op **bladsy 18**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 809, Bredasdorp
Huidige Sonering	:	Parkering
Erf Grootte	:	1133m ²
Voorgestelde Grootte	:	25m x 25m

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 19** is van mnr Louie Witbooi ontvang om 'n gedeelte van erf 809, Bredasdorp by die Raad te huur.

MARKWAARDASIE

R500,00 per maand

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

FINANSIËLE DIENSTE

Neem kennis met geen beswaar inaggenome die voorafgaande insette.

BESTUURSDIENSTE

Geen beswaar ten opsigte van aansoek om karwas nie.

ELEKTRISITEITSDIENSTE

We must bear in mind the current water challenges. Any cost for an electrical connection will be for the tenants account.

STADSBEPLANNING

Geen beswaar.

ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Aansoek word ondersteun. Daar moet egter beheer wees van sy watergebruik (maw gemeterde water) die water afvoer (vuilwater) asook elektrisiteit (gemeterde elektrisiteit). Tariewe moet markverwant wees, en water en elektrisiteit moet teen die besigheidstarief aangeslaan word.

STRATE EN STORMWATER

Die aansoeker moet detail verskaf van hoe die waswater hanteer gaan word.

WATER EN RIOOL

Will be tenants account and business tariffs to apply.

BESKERMINGSDIENSTE

Geen beswaar teen die aansoek vanaf verkeer.

KOMMENTAAR: WYKSKOMITEE: 7 FEBRUARIE 2023

Komitee wil eers weet of daar 'n watermeter is wat die verbruik van die water gaan meet en hoe word die afvloei van die water gekanaliseer.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat 'n huurooreenkoms vir 3 jaar met mnr Witbooi aangegaan word vir die huur van gedeelte erf 809, Bredasdorp.
- (ii) Dat die huurbedrag R500,00 per maand sal beloop, vooruitbetaalbaar.
- (iii) Dat alle munisipale dienste op die perseel deur die huurder aangesluit word, gemeter en betaal word.
- (iv) Dat daar met die wegdoening van vuilwater gehandel word in samewerking met die water afdeling.
- (v) Dat 'n terugvalklousule in plek gestel word in die ooreenkoms wat deur eiendomsadministrasie opstel word.
- (vi) Dat LED die voortdurende bestaansreg van die besigheid deurlopend monitor.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) Dat die bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat 'n terreinplan ook voorsien word.

AANBEVELING: UBK (17 JULIE 2023)

- (i) Die UBK ondersteun die bestuursaanbeveling en dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.
- (ii) Dat die spesifieke grootte deur LED aan die voornemende huurder uitgewys word.

BESLUIT 144/2023

- (i) Dat 'n huurooreenkoms vir 3 jaar met mnr Witbooi aangegaan word vir die huur van gedeelte erf 809, Bredasdorp.
- (ii) Dat die huurbedrag R500,00 per maand sal beloop, vooruitbetaalbaar.
- (iii) Dat alle munisipale dienste op die perseel deur die huurder aangesluit word, gemeter en betaal word.

- (iv) Dat daar met die wegdoening van vuilwater gehandel word in samewerking met die water afdeling.
- (v) Dat 'n terugvalklousule in plek gestel word in die ooreenkoms wat deur eiendomsadministrasie opstel word.
- (vi) Dat LED die voortdurende bestaansreg van die besigheid deurlopend monitor.
- (vii) Dat die spesifieke grootte deur LED aan die voornemende huurder uitgewys word.
- (viii) Dat 'n volledige openbare publieke deelname proses gevolg word.

(Eenparigee Besluit)

10.7 **VERVREEMDING (HUUR): GEDEELTE VAN ERF 270, BREDASDORP (T OCTOBER)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr T October ten einde 'n gedeelte van erf 270, Bredasdorp te huur ten einde vir parkering van vragmotors aan te wend.

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 270, Bredasdorp
Erf Grootte	:	1.8517ha
Huidige Sonering	:	Publiek en Sosiaal

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek is van mnr October ontvang om 'n gedeelte van erf 270, Bredasdorp by die Raad te huur.

MARKWAARDASIE

Onbepaald.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Huurinkomste vir die Raad.

WETLIKE IMPLIKASIES

1. MFMA
2. MATR
3. SCM Regulations / SCM Policy
4. Systems Act (public participation)
5. Town Planning legislation

BESTUURSAANBEVELING

Dat die aansoek nie oorweeg kan word nie, aangesien die genoemde grond nie geskik is vir die doel van die aansoek nie.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Die Komitee ondersteun die aansoek en dat 'n volledige publieke deelname proses gevolg word, aangesien bestaande sonering gewysig sal word.

RAADSBESLUIT 179/2022: 27 JULIE 2022

- (i) *Dat die aansoek van mnr T October ten einde 'n gedeelte van erf 270, Bredasdorp te huur vir die parkering van vragmotors, in beginsel goedgekeur word.*
- (ii) *Dat n volledige publieke deelname proses gevolg word ten opsigte van die vervreemding.*
- (iii) *Dat Stadsbeplanning 'n uitleg van die perseel doen om sodoende ook die sokkerspelers en ander aansoekers te akkommodeer.*
- (iv) *Dat ondersoek ingestel word na die toestand van die bestaande ablusiegeriewe op die perseel.*
- (v) *Dat kennis geneem word dat die grond hersonneer sal moet word om die gebruik te akkommodeer*
- (vi) *Dat 'n verdere verslag aan die Raad voorgelê word met aanvang van bogenoemde stappe.*

'n Advertensie van die Raad se voorneme is op 10 Februarie 2023 in die plaaslike pers geplaas en geen besware is ontvang nie.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die aansoek van mnr T October ten einde 'n gedeelte van erf 270, Bredasdorp te huur vir die parkering van vragmotors, goedgekeur word.
- (ii) Dat die uitleg van die perseel, deur Stadsbeplanning gedoen, aan die Raad voorsien word.
- (iii) Dat ondersoek ingestel word na die toestand van die bestaande ablusiegeriewe op die perseel.
- (iv) Dat alle stadsbeplanningsprosesse vir die huurder se rekekning sal wees.
- (v) Dat 'n huurtermyn van 3 jaar aangegaan word met 'n huurbedrag van R2 000,00 per maand beginnende 1 Augustus 2023 - 30 Julie 2026.
- (vi) Dat geen verdere permanente strukture sonder die verhuurder se toestemming op die perseel mag opgerig word nie.
- (vii) Geen oorlaste mag vir die omliggende bure geskep word nie.
- (viii) Dat 'n terugvallingsklousule in gebring word indien die genoemde grond nie meer vir die doel soos versoek, gebruik word nie.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die bestuursaanbeveling aanvaar word.

AANBEVELING: UBK (17 JULIE 2023)

- (i) Dat die bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat Stadsbeplanning 'n volledige uitleg van die genoemde perseel aan die Raad voorlê.
- (iii) Dat die bestaande toilette deur die nuwe huurder herstel en instand gehou word.

BESLUIT 145/2023

- (i) Dat die aansoek van mnr T October ten einde 'n gedeelte van erf 270, Bredasdorp te huur vir die parkering van vragmotors, goedgekeur word.
- (ii) Dat die uitleg van die perseel, deur Stadsbeplanning gedoen, aan die Raad voorsien word.
- (iii) Dat ondersoek ingestel word na die toestand van die bestaande ablusiegeriewe op die perseel.
- (iv) Dat alle stadsbeplanningsprosesse vir die huurder se rekekning sal wees.
- (v) Dat 'n huurtermyn van 3 jaar aangegaan word met 'n huurbedrag van R2 000,00 per maand beginnende 1 Augustus 2023 - 30 Julie 2026.
- (vi) Dat geen verdere permanente strukture sonder die verhuurder se toestemming op die perseel mag opgerig word nie.
- (vii) Geen oorlaste mag vir die omliggende bure geskep word nie.
- (viii) Dat 'n terugvallingsklousule in gebring word indien die genoemde grond nie meer vir die doel soos versoek, gebruik word nie.
- (ix) Dat Stadsbeplanning 'n volledige uitleg van die genoemde perseel aan die Raad voorlê by die volgende Raadsvergadering.
- (x) Dat die bestaande toilette deur die nuwe huurder herstel en instand gehou word.

(Eenparige Besluit)

10.8 **HUUROORENKOMS: MOBILE TELEPHONE NETWORKS PROPRIETARY LIMITED**

DOEL VAN VERSLAG

Om te oorweeg om goedkeuring te gee dat Mobile Telephone Networks Proprietary Limited se naam in geslote ooreenkoms mag verander na IHS Towers South Africa.

AGTERGROND

Daar bestaan 'n huurooreenkoms tussen Kaap Agulhas Munisipaliteit en Telephone Networks Proprietary Limited soos deur die Raad goedgekeur per besluit 287/2015 vir gedeelte van Plaas 260, Waenhuiskrans. Hierdie ooreenkoms is geldig vir 9 jaar en 11 maande (1 September 2015 tot 31 Julie 2025) (ooreenkoms aangeheg op **bladsy 26 tot 31**).

'n Versoek, soos aangeheg op **bladsy 32 tot 38** is vanaf CBRE Excellerate Facilities (PTY) Ltd ontvang om die naam te verander na "IHS Towers South Africa".

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Geen vir die Raad - Huurgeld beloop R1 100,00 per maand met 'n jaarlikse eskalاسie van 8%.

REGSIMPLIKASIE

